# HIER **LEER** ONS **LEKKER**

## SKOLEPAKKETTE




AS JY
kennis
HET, LAAT
ANDER
TOE OM
HULLE
kerse
DAARMEE
AAN TE
STEEK


# VOORTREKKERMONUMENT

Besoek een van die indrukwekkendste monumente in Afrika en ’n SA Graad 1-nasionale erfenisterrein. Leer meer oor die Groot Trek, die Voortrekkers en die pionierslewenswyse deur die Vrijheidsreis-uitstalling. Besigtig een van die langste marmerfriese ter wêreld, tapisserieë met meer as drie miljoen naaldwerksteke, die senotaaf, historiese vlae, kultuurhistoriese voorwerpe, die Johanna van der Merwe-eeufeeswa, die Laaswa en die kanon “Grietjie”. Talle KABV-begeleide toere om uit te kies: kuns, ontwerp, SW, LV, ens.



# PIONIERSENTRUM

Die Pionierswerf bestaan uit die Lewende Laer waar tradisionele aktiwiteite in ’n Ossewalaer beoefen word, die pioniersplaaswerf met werfdiere en aktiwiteite uit die verlede, en die Pioniersentrum. Die Pioniersentrum (PS) is ’n interaktiewe ontdekkingsentrum wat beskik oor verskeie media, van museumvoorwerpe en argeologiese artefakte tot oudiovisuele toestelle en voorwerpe, om opvoedkundige temas gebaseer op die nasionale kurrikulum aan opvoeders en leerders te bied. Die sentrum is dus ’n skatkis van waardevolle bykomende bronne en word kreatief aangebied deur begeleide toere en interaktiewe leeraktiwiteite.



# FORT SCHANSKOP



Fort Schanskop is in 1897 opgerig as een van 'n reeks van vier forte met die doel om Pretoria teen vyandelike invalle te beskerm. Schanskop is eerste voltooi en is die bes bewaarde van die vier forte. Fort Schanskop is sedert Junie 2000 die eiendom van die Voortrekkermonument en huisves verskeie interessante uitstallings oor die Anglo-Boereoorlog (Suid-Afrikaanse oorlog). Geniet 'n begeleide toer deur Fort Schanskop, vuur die kanon af en speel Boer teen Brit met 'n laserskietgeveg.

**BLOEDRIVIER**
ERFENISTERREIN

- Kleilat
- Skyfskiet uit walaer
- Kettieskiet
- Kanonskiet
- Jukskei
- Vlugbal
- Boeresport
- Broodbak
- Groot Trek-video en Slag van Bloedrivier-vertoning in ouditorium of walaer (45 min)
- Bloedrivier-gids
- Slaap in waens of in die slaapsaal

Gastehuis beskikbaar vir onderwysers wat nie diens doen nie.

Ontbyt, ligte middagete en aandetes beskikbaar.

# KAMPE VIR ALLE OUDERDOMME

# Tariewe

# BASISPRYS R75 PER KIND

**VOORTREKKERMONUMENT- EN PIONIERSENTRUM-TOER INGESLUIT, ADDISIONELE AKTIWITEITE KAN AANGEBIED WORD VOLGENS PAKKETKEUSES EN OUDERDOMSGROEPE.**

| PAKKET 1 | AKTIWITEITE OM VAN TE KIES | KOSTE PER KIND |
|---|---|---|
| **10-50 kinders** | Voortrekkermonument-toer (VTM) | **INGESLUIT** |
| | Pioniersentrum-toer (PS) | **INGESLUIT** |
| | Kleios maak (PS) | **R30** |
| | Boeresport (PS) | **R40** |
| | Botter karring (PS) | **R20** |
| | Stokbrood maak (PS) | **R50** |
| | Ossewateater (FS) | **R50** |
| | | |

| PAKKET 2 | AKTIWITEITE OM VAN TE KIES | KOSTE PER KIND |
|---|---|---|
| **50-100 kinders** | Voortrekkermonument-toer (VTM) | **INGESLUIT** |
| | Pioniersentrum-toer (PS) | **INGESLUIT** |
| | Boeresport (PS) | **R40** |
| | Broodbak-demonstrasie (PS) | **R30** |
| | Botter karring (PS) | **R20** |
| | | |

| PAKKET 3 | AKTIWITEITE OM VAN TE KIES | KOSTE PER KIND |
|---|---|---|
| **100-400 kinders** | Voortrekkermonument-toer (VTM) | **INGESLUIT** |
| | Pioniersentrum-toer (PS) | **INGESLUIT** |
| | Boeresport (PS) | **R40** |
| | Broodbak-demonstrasie (PS) | **R30** |
| | | |

| PAKKET 4 | AKTIWITEITE OM VAN TE KIES | R75 PER KIND |
|---|---|---|
| **Kleuterskole** | Geskiedenis-poppekasvertoning (PS) | |
| | Voer die diere (PS) | |
| | Klim en klouter-plaaspret (PS) | |
| | Vat en voel-museum (PS) | |
| | Veldspeletjies (FS) | |
| | | |

| | SPESIALE VERSOEKE | PER GROEP |
|---|---|---|
| **10-400 kinders** | Sweepklap-demonstrasie | **R200 eenmalig** |
| **10-400 kinders** | Perdry-demonstrasie | **R300 eenmalig** |
| **10-400 kinders** | Kanonskoot (PS) | **R1750 eenmalig** |
| **4-20 kinders** | Perdry vir beginners (PS) | **R50 per persoon** |
| | | |

**Tale: Afrikaans, Engels, Xhosa, Zulu, Ndebele, Pedi en Sotho.**
**Pioniersentrum-programme word slegs in Afrikaans en Engels aangebied.**
*** Minimum van 10 leerders per program.**

# NATUURGERIGTE SKOOLPROGRAMME



Die Voortrekkermonument bied nou die geleentheid aan skole om hulle leerlinge blootstelling te gee aan die natuur en die fassinerende interaksies wat op 'n daaglikse basis rondom ons plaasvind. Hier kry leerlinge die geleentheid om uit te gaan in die veld en saam met 'n gekwalifiseerde veldgids meer te leer oor ons natuurerfenis.

Die programme bestaan uit 'n verwelkoming en 'n inleiding van die onderwerp, waarna daar 'n kort lesing plaasvind. Daarna beweeg die leerlinge saam met die veldgids uit in die veld om te kyk na praktiese voorbeelde wat die werk wat bespreek is, beter sal toelig. Die program is 2.5 uur lank. Leerlinge ontvang ook 'n werkskaart wat dan kan deel vorm van hulle assessering.

Die ideale grote vir 'n groep is 60 leerlinge of minder. Groter groepe kan geakkommodeer word, maar dan mag dit wees dat die leerervaring nie so doeltreffend is nie. Die aanbieding is belyn met die Nasionale Kurrikulumverklaring, en kan gesien word as aanvullend tot die klasaanbiedings by die skool.

# R70 PER KIND

*Tariewe*

## GRAAD 4-ONDERWERPE

Lewende en nie-lewende dinge
Strukture van plante en diere
Wat plante nodig het om te groei
Habitatte van diere
Strukture vir diereskuilings

## GRAAD 5-ONDERWERPE

Plante en diere op aarde
Dieregeraamtes
Geraamtes as strukture
Voedselkettings
Lewensiklusse

## GRAAD 6-ONDERWERP

Ekostelsels en voedselwebbe

## GRAAD 7-ONDERWERPE

Biodiversiteit
Biosfeer

## GRAAD 8-ONDERWERPE

Ekosisteme
Voedingverhoudings, voedselkettings en voedselwebbe

## GRAAD 10-ONDERWERP

Biosfeer tot ekostelsel

## GRAAD 11-ONDERWERP

Grond en gronderosie
Populasie-ekologie

**AS DAAR ENIGE ONDERWERPE IS WAT NIE GEDEK IS IN BOGENOEMDE NIE, MAAR WAT U SOU WOU HÊ MOET BEHANDEL WORD, KAN ’N PROGRAM UITGEWERK WORD OM IN U BEHOEFTES TE VOORSIEN. DAAR KAN OOK ANDER AKTIWITEITE INGESLUIT WORD TEEN ’N EKSTRA FOOI.**

OUDERDOMSBEPERKING: 12 JAAR

TOEKOMSBOU

DIE TOEKOMS IS MYNE

# TOEKOMSBOU MUSEUMTEATER

*bied aan*

# 120 Jaar



# 1 FOTOALBUM

# 120 Minute



# 12 TONELE

DIE ERFENISSTIGTING

fak

VOORTREKKERMONUMENT

# SKOOLGROEP-BESPREKINGS


012 326 6770 www.vtm.org.za

besprekings@kultuurtuiste.org.za




Vriende

SOOS JY

MAAK ONS

erfenis

'N BETER PLEK

SKANDEER HIER OM
'N VRIEND TE WORD.

VOORTREKKERMONUMENT

012 326 6770

besprekings@kultuurtuiste.org.za
www.vtm.org.za

Eeufees Rd, Groenkloof 358-Jr,
Pretoria, 0027